agra
SERVICE•RANGE•COUNTRYWIDE

RING

AGRA CO-OPERATIVE LTD MEMBERS' NEWSLETTER / AGRA KOÖPERATIEF BPK SE LEDE NUUSBRIEF

MODEL PICK 'N PAY OPENED IT'S DOORS IN AUAS VALLEY SHOPPING MALL

Model Pick 'n Pay started trading in the Auas Valley Shopping Mall on 28 November 2006. The Chief Executive Officer of Agra, Peter Kazmaier, welcomed this new anchor tenant at an opening ceremony.

According to Kazmaier the relationship of MPP and Agra/Auas Valley, has taken the best part of 5 years to result in this beautiful and comprehensive Model Pick 'n Pay Family Supermarket in the beautiful Auas Valley Shopping Mall.

"Five years ago our negotiations, which had already reached an advanced stage, had to be terminated because of a technical issue which transferred the right to trade from the then bankrupt Alfa Cooperative to Metro South Africa."

As the landlord of this property Agra is proud to be able to welcome the MPP group to Auas Valley. Agra is convinced that the new anchor tenant will ensure that this Shopping Centre will become more attractive to all customers through their brand, their expertise and the value they bring to all clients."

"From our side we will do everything in our power to provide marketing back-up on various fronts to ensure growth and success on a mutually beneficial basis."

A view of the new Pick 'n Pay shop in the Auas Valley Shopping Mall

He also thanked Agra's Property Manager, Max Holdt for all his hard work, and the good relationships he established and maintained throughout the project with all the stakeholders.

"The programme from the closure of the shop in August 2006 to the opening today was extremely tight and we should really applaud the commitment and efficiency of everyone on this project to have achieved the deadline of today."

"For us and for hopefully thousands of consumers, today marks the day when a dream comes true. We are absolutely convinced that this MPP will become the largest store in the Pick 'n Pay Family, and will do our part in getting it there."

"Thank you for the trust you have put into this project, and may this be a day remembered for the laying of the foundation for a very successful business partnership."

Food for thought . . . when the world is changing how do we deal with it?

Have you already thought of ways and means of how we can manage the change that happens around us? Yesterday is gone and tomorrow will never be the same. Do you have ideas on how we all can make this change work for us and our communities in the new year?

It can be enriching to allow conversations to take place and ideas to be discussed. Lets ask positive, and life giving questions to give an opportunity to view the same complex situation in a different way. When asked, it may make someone suddenly stop and think 'that is a great question', because it opens new possibilities and gives different ways of seeing the world and each other.

John F. Kennedy posed a life giving question when he said "Ask not what your country can do for you. Ask what you can do for your country." And remember the wise words of Nelson Mandela, who said that "the future belongs to those who believe in the beauty of their own dreams". You have an opportunity every day to exploit the magic of difference we enjoy in Namibia. This also involves being open to a completely new perspective on something you have seen and known all your life and have grown accustomed to and accepted. If you exploit the magic of difference, it may help bring about understanding of what could change and even ways of changing it. Lets take hands and dream a dream of a prosperous future for all Namibians, and believe that **we** can make this dream a reality, because, in the words of pastor Joel Osteen, "we receive what we believe". Lets continue to seek the very best in every context and situation. Lets work in a way where we try to understand what is working in every situation, in our families, in our communities and in our country, no matter how different it may seem initially. Only if we truly start understanding each other and start working towards common goals, will we be able to solve our challenges in a mutually agreeable manner in times to come.

Why not approach each day with appreciation, goodwill and good intent in the way we deal with each other and with challenging situations, and continue to set a good foundation for a better tomorrow, together.

REDAKSIONEEL

Die Algemene Jaarvergadering van Agra wat op 23 November in Windhoek plaasgevind het, het glad verloop. Lede teenwoordig was positief en het Agra geloof vir sy uitnemende prestasie die afgelope jaar. Die voorgestelde toedeling van N$6,5 miljoen aan lede, is op die vergadering goedgekeur. Die vergadering het ook die voorgestelde Statuutwysiging rakende aandeelhouding van lede bekragtig. Uittreksels uit die jaarverslag verskyn in hierdie uitgawe van die Ring. Die volledige jaarverslag is egter op die webblad van Agra by **www.agra.com.na** en by u naaste Agra tak beskikbaar.

Die jaar het ten einde geloop. As ons terugkyk op 2006, was dit sekerlik vir die meeste van ons 'n voorspoedige en geseënde jaar. 'n Bogemiddelde reënseisoen, hoë vleispryse, uitstekende veilingspryse vir veral stoettelers en 'n omgewing waarin ons in vrede kon lewe en boer. As ons die ellende rondom ons en in ander wêreldlande raaksien, dan sal ons besef hoe gelukkig en bevoorreg ons werklik is.

Ek wil die hoop uitspreek dat u dieselfde geluk en voorspoed in 2007 sal ervaar en mag elkeen van u 'n geseënde Feestyd met u geliefdes geniet.

Enige bydrae of reaksie is welkom. Stuur dit aan die bemarkingsbestuurder van Agra, Mev Birgit Hoffmann by Privaatsak 12011, Windhoek of per e-pos aan **birgith@agra.com.na**

Gedagte vir die maand: Evelyn Underhill (1875-1941) het gesê . . . "Ons moet ten minste 'n poging aanwend om iets van die Goddelike medelye op eie koste in ons daaglikse lewe deur dade, denke of gebed te betoon. As ons die gawe van liefde in 'n pragtige wit servet van vroomheid oprol en dit eenkant toe stoot, terwyl ons jammer is vir die wêreld wat so honger en dors, so siek en vasgekluister is, en dit daar laat, mag hierdie klein gawe ook van ons weggeneem word. Ons mag op daardie kritieke oomblik ontdek dat ons geestelik bankrot is."

Koöperasiegroete

Sigi Lösch
Privaatsak 12011
Windhoek
Tel. 081 127 8580
e-pos: losch@iway.na

CEO of Agra express his appreciation Cash Bonus for Members

The year 2006 is fast nearing its end. You probably feel as good about farming and about Agra as we do?

At Agra, we had a tough, but thriving year and we are indeed very positive about the future. 2006 was an exciting year for the farmer and virtually everybody engaged in farming operations.

It was a very successful year for Agra in terms of turnover, member support and generating a meaningful surplus. It is with appreciation of your contribution and your business with Agra that we are in a position to make the following allocation: A portion of the surplus generated will be re-allocated to the loyal members who have supported us during the last financial year. As a result of the varying gross margins, the following formula will be applied:

Livestock Turnover:
Members who utilised Agra services to slaughter at Meatco will be refunded 20 % of the commission of 1% charged by Agra. This means that the members will only effectively pay 0.8% commission on all Meatco Business. All other livestock transactions which members effected through Agra only will be refunded to the extent of 0.87% of Gross Turnover.

Retail Turnover:
All retail turnover generated through members at Agra branches only will be refunded to the extent of 2.95% of gross turnover.

The total amount to be refunded during January 2007 amounts to N$6.5 Million. This is the largest bonus ever paid to members in the history of our co-operative ! Members will be notified individually and payment will be made either via Internet banking directly into the member's account, or by means of a cheque attached to the notification.

What can you look forward to in the year ahead?

We will continue to improve our service levels, stock availability and personal contact with members.

Agra is committed to growth and will also investigate opportunities to expand its network of branches, improve the utilisation of its infrastructure and be on the look-out for interesting, non-agriculture based business opportunities which will all contribute towards ensuring our long-term financial stability.

We are very proud of what has been achieved by the personnel of Agra during the last financial year. We also know that there is always room for improvement, but without our people we cannot successfully provide a service to our clients and we want to thank each member of the AGRA – team for the inputs and hard work which contributed towards achieving such a great result.Without the ongoing support of our members we similarly could not be successful. We would therefore like to thank each member who believed in us, who continued to support us and who hopefully will be delighted with their bonus payment in January.

So much in our country (and definitely also in Agra) depends on the weather. Let us hope that once again this year there will be above average rainfall, spread evenly throughout the country over the next few months. Let us further hope that livestock prices will remain stable, or increase, inflation is kept in check and that interest rates will not escalate dramatically.

As an organisation we have another challenging year ahead of us, but we are convinced that we are prepared to achieve our objectives and that another satisfactory financial result will be forthcoming.

Thank you to your support during the past year. It was invaluable. On behalf of the Agra personnel, management and board of directors I would like to wish every member and shareholder of Agra an enjoyable and merry Christmas and a peaceful, healthy, successful and rainy new year 2007.

Seasons' Greetings

Peter Kazmaier
Chief Executive Officer
December 2006

HOOF UITVOERENDE BEAMPTE DOEN MET TROTS VERSLAG

Die verslag van die Hoof Uitvoerende Beampte gee 'n samevatting van die koöperasie se resultate vir die afgelope jaar. Vervolgens 'n uittreksel daarvan soos in die jaarverslag vervat.

"Dit is met groot trots en genoegdoening dat ek 'n dramatiese verbetering in Agra se posisie in die algemeen en spesifiek in die netto wins gegenereer, rapporteer. Die Koöperasie se bruto omset (ingesluit bruto lewende hawe transaksies) het toegeneem van N$782 miljoen in 2005 tot N$912 miljoen in 2006 (17%)."

Bruto wins het toegeneem van N$58.8 miljoen in 2005 tot N$67.8 miljoen in 2006 (15%). Verlede jaar is gerapporteer dat verskeie programme en inisiatiewe geimplimenteer is om Agra se risikobestuur en beheeromgewing te verbeter. Dit het alles bygedra tot die toename in die netto wins vir die jaar.

Ons is daarom baie bly om in staat te kan wees om 'n netto wins voor belasting en toedelings aan lede te kan rapporteer van N$16.2 miljoen vir die Koöperasie (2005: N$3.5 miljoen) en N$16.4 miljoen vir die groep (2005: N$3.7 miljoen) vir die jaar geëindig 31 Julie 2006.

Ontleding per afdeling:

1. LEWENDEHAWE AFDELING

As gevolg van 'n groot toename in pryse vir feitlik alle lewendehawe kommoditeite, was bruto omset (uitgesluit Karakoel en Wol) N$512 miljoen in vergelyking met N$432 miljoen in 2005. Dit verteenwoordig 'n toename van 19%. Hierdie verandering in omset kan toegeskryf word aan twee faktore:

a) Afname in die aantal diere bemark gedurende die jaar:-

	2006	2005	%change 06/05	2004	%change 05/04
Beeste	149,584	162,076	(8)	139,415	16
Skape	150,527	175,612	(14)	220,889	(26)
Bokke	112,938	115,849	(3)	116,287	-
	413,049	**453,537**	**(9)**	**476,591**	**(5)**

b) Werklike N$ waarde behaal per dier bemark:-

	2006 N$	2005 N$	%change 06/05	2004 N$	% change 05/04
Beeste	2,640	2,011	31	1,895	6
Skape	419	342	23	294	16
Bokke	401	345	16	271	27

Netto omset behaal in hierdie kategorie het N$24,9 miljoen beloop in vergelyking met N$20,1 miljoen in 2005, 'n toename van 24%.

Karakoel

By die twee veilings wat in Kopenhagen gedurende September 2005 en April 2006 gehou is, is 109,807 pelse verkoop wat 'n styging is van 12% in die getal pelse in vergelyking met die 97,748 pelse wat gedurende die jaar geëindig Julie 2005 verkoop was. Eenheidspryse per pels het ook dramaties gestyg vanaf 'n gemiddeld van N$206,06 in die vorige finansiële periode tot N$339,30 in 2006, 'n toename van 65%.

Algehele lewende hawe afdeling

Ons is trots om 'n netto wins van N$8,3 miljoen, voor hoofkantoorkostes, te rapporteer, vergeleke met N$4,7 miljoen in 2005.

2. HANDELSAFDELING (UITGESLUIT SAFARI DEN)

Die totale omset van die handelsafdeling was N$314 miljoen vir die huidige jaar teenoor N$283 miljoen in 2005, 'n toename van 11%. Dit is behaal al het kompetisie in die mark straf gebly ten opsigte van die meeste produkte wat Agra verkoop. Bruto marges het effens verbeter vanaf 12,9% tot 13,3%.

Groot kostebesparings- en kostebeheermaatreels is geimplimenteer wat bygedra het tot die vergrote netto wins in hierdie divisie van N$8,9 miljoen vergeleke met N$2,1 miljoen in 2005.

3. EIENDOMSAFDELING

Huur ontvang gedurende hierdie jaar het N$12 miljoen beloop in vergelyking met N$11,6 miljoen in 2005 ('n toename van 3%). Gedurende die jaar onder oorsig het die ankerhuurder in die Auas Valley Shopping Mall (AVSM), naamlik "The Friendly Grocer" hul huurooreenkoms beëindig en is ons trots om aan te kondig dat 'n omvattende Pick 'n Pay Family store sy deure sal open in die AVSM op 28 November 2006.

Agra se Windhoek tak was onderworpe aan 'n omvattende herstrukturering en opknapping. Die ingang is verskuif om deel te vorm van die sentrum en alle voertuigverkeer is stroombelyn gemaak om die diens aan Agra se kliente te verbeter.

Verskeie kleiner opgraderings is gedoen by verskeie ander takke en lewendehawe veilingsfasiliteite gedurende die jaar. Hierdie program sal aanhou in die afsienbare toekoms.

Totale spandering in hierdie divisie het toegeneem met 4%, en die netto wins voor hoofkantoorkostes bedra N$10,8 miljoen (insluitende 'n "redelike waarde" aanpassing vir beleggingseiendomme) in vergelyking met N$5,4 miljoen in 2005.

4. FINANSIELE RESULTATE

Die Agra groep het 'n netto bedryfwins, voor belasting en toedelings aan lede, van N$16,4 miljoen (2005: N$3,7 miljoen) behaal en die Koöperasie 'n netto wins van N$16,2 miljoen (2005: N$3,5 miljoen).

Bruto wins het gestyg met 17% vir die groep en met 15% vir die Koöperasie tot N$77 miljoen en N$68 miljoen onderskeidelik.

5. BALANSSTAAT

5.1 Bates

Soos reeds vermeld in 2005 verslag, het die verandering in rekeningkundige hantering van vaste eiendom as gevolg van veranderende rekeningkundige standpunte 'n wesenlike invloed op Agra se balansstaat.

Die netto waarde van Eiendom, Aanleg en Toerusting het toegeneem met N$6,8 miljoen as gevolg van:

5.1.1 Oordrag vanaf Beleggingseiendomme:
- Rehoboth Veilingskrale N$510,000
- Auas Wholesalers (Edms) Bpk N$696,000
- Windhoek Skougronde Veilingsfasiliteit N$1,386,000
- Agra Grootfontein Tak N$25,000
- Agra Gobabis Tak N$61,000

5.1.2 Oordrag na Beleggingseiendomme:
- Aroab ou Agra Tak N$78,000
- Keetmanshoop Lara's Restaurant N$98,000
- Otavi ou Agra Tak N$145,000

5.1.3 Toevoegings
- Grootfontein Veilingskraal N$17,000
- Outjo Agra tak N$84,000
- Otjiwarongo Veilingskraal N$10,000
- Auas Wholesale (Edms) Bpk N$13,000
- Agra Windhoek Tak N$4,238,000

5.2 Ekwiteit

Vanaf hierdie rapporteringsperiode word Ledefondse en Bonus aandele nie langer as ekwiteit getoon nie, maar is dit geherklassifiseer as Nie-bedryfslaste. Dit het Agra se Kapitaal en Reserwes toeskryfbaar aan ekwiteitshouers van die kooperasie verminder met N$24 miljoen of 37%. Dit het ook Agra se bedryfslaste laat styg met dieselfde bedrag. Die rede vir hierdie aanpassing is die feit dat Ledefondse lenings is vanaf Agra se lede aan die Koöperasie en is as sulks onder sekere omstandighede terugbetaalbaar aan die lede.

Agra se eksterne Skuld tot Ekwiteitsverhouding van 45% is steeds gesond en beteken dat Agra se finansiële posisie verder verbeter het vergeleke met verlede jaar se Skuld tot Ekwiteitsverhouding van 83%.

5.3 Kontantvloei

Die Agra groep rapporteer 'n poisiewe kontantvloei vir beide 2006: N$19 miljoen en 2005: N$5.5 miljoen. Gedurende die jaar is N$20 miljoen gegenereer deur bedryfsaktiwiteite (2005: N$8 miljoen).

Addisioneel:
- Aankope van eiendom, aanleg en toerusting beloop N$7 miljoen (2005: N$ 2 miljoen).
- Kontant gegenereer deur die verkoop van bates en beleggings beloop N$3,9 miljoen (2005: N$ 0,25 miljoen).
- Kontantvloei: Terugbetaling van lenings aan verwante maatskappye N$1,7 miljoen (2005: N$0,3 miljoen).
- Kontant gegenereer deur finansieringsaktiwiteite beloop N$10,6 miljoen (2005: N$ 1,8 miljoen).

Die samevatting van bogenoemde het tot gevolg dat Agra se kontantposisie omgeswaai het vanaf 'n bankoortrekking van N$4.5 miljoen aan die begin van die finansiele jaar na 'n positiewe bankbalans van N$14 miljoen op 31 Julie 2006.

6. TOEKOMS VERWAGTINGE

Agra het 'n suksesvolle jaar voltooi. Die besteebare inkomste van boere, wie ons belangrikste klientebasis is, het dramaties toegeneem gedurende die jaar onder oorsig. Hiermee saam het die huidige aantreklikheid van die landboumark tot gevolg gehad dat meer spelers die mark betree het. Alhoewel kompetisie verwelkom word, is dit nie altyd lewensvatbaar om al die spelers in die klein Namibiese mark te akkommodeer nie. Ons is dus seker dat marges onder druk sal bly terwyl uitgawes sal voortgaan om te styg.

Rentekoerse sal voortgaan om te styg gedurende die komende jaar, en so ook inflasie. Dit sal weer veroorsaak dat die bestedingspatrone van Agra se klientebasis sal daal.

'n Ander belangrike faktor wat Agra se vertoning sal beinvloed is die reënseisoen wat volgens voorspellings ondergemiddeld sal wees vir die periode Januarie 2007 tot April 2007.

Ons is nieteenstaande vol vertroue dat Agra gereed sal wees om die uitdagings vorentoe die hoof te bied.

Report of the Chairman

The above average rains recorded over the whole of Namibia, created optimum farming conditions and opportunities. Simultaneous increases in meat and pelt prices resulted in a higher disposable income in our farming community. These factors created a favourable and positive climate in which Agra could do business during the past year.

In addition to the favourable conditions, Agra spent a lot of time on training and motivation of staff, and improved controls in respect of stock and debtors' management, which all contributed to a record profit of N$16 million before tax.

A few of the highlights were, amongst other:

- The implementation of the AgriSmart computer system. Access to good information to speed up and facilitate decision making will add to efficient management.
- The upgrading of the Windhoek branch is the beginning of our vision to make every branch the choice of the Namibian farmer.
- In respect of Agra's Retail business, the decision to close non-profitable branches had the desired effect creating a positive change in the remaining branches. The result was that all branches recorded a net profit.
- The livestock division achieved a record turnover. The implementation of the FanMeat scheme required many extra hours and hard work from the staff to attend to teething problems whilst at the same time ensuring that auctions take place smoothly and effectively.
- Agra also confirmed its social responsibility and made many contributions towards sponsorships, projects and farmers' days. Since farm workers form an integral part of any successful agricultural business, Agra decided, in cooperation with the "Cheetah Conservation Fund" (CCF), to present courses to farm workers.

As already mentioned, it was a record year in many instances for Agra. The directors have therefore decided to declare a bonus of N$6.5 million and to pay that in cash to members, calculated according to the business done with Agra. With this the directors would like to express their thanks and appreciation to all the loyal members who supported Agra during the past year. Agra shares its responsibility with all Namibians to achieve the objectives of the national Vision 2030 and made an essential contribution during the past year towards the creation of wealth in Namibia.

We have more than 400 employees in service and even more indirect employment opportunities were created through Agra's investments during the past year. Agra is therefore an important player in the Namibian economy and must be enabled to do optimal business. Political objectives and strategies that ignore economic realities will hamper the agricultural sector and will have a negative influence on Namibia's economy. The government has a leading role to play in preparing a long-term plan and strategy together with all role players to achieve the objectives of economic growth of Vision 2030, within a free market economy, so that employment opportunities can be created and real value be added.

The approved budget of more than N$1 billion turnover for the coming year is a major challenge for the board of directors, management and staff. We are, however, convinced that the right plans and strategies are in place to achieve it. Most important, however, is that management and staff show us what they can achieve. The financial results of the past year are the result of a dynamic team that gave everything to achieve the Agra vision of "Agra – my choice, my destination".

I would like to make use of the opportunity, on behalf of the board of directors, to congratulate Mr Kazmaier, the Chief Executive Officer, management and staff on the excellent financial results. Thank you very much for the hard work, time and energy that contributed to this year's achievements. I am convinced that this achievement will now be a culture within Agra. Thank you also for the support I receive from every member, director and staff member.

TOESIGHOUDENDE KOMITEE SPREEK TROTS EN TEVREDENHEID UIT

Die Toesighoudende Komitee van Agra, onder voorsitterskap van Mnr Hannes Nieuwoudt, het sy trots en tevredenheid uitgespreek met die uitstekende prestasie wat die Koöperasie die afgelope finansiële jaar behaal het. Hieronder die verslag van die komitee soos in die jaarverslag.

Die jaar 2006 sal in die geskiedenis opgeteken staan as een van die beste reënjare. Die positiewe emosionele uitwerking wat 'n goeie reënjaar op alle inwoners van Namibia het, is merkwaardig. Vir Agra, wat sy wortels in die boerdery het, was dit werklik ook 'n geseënde jaar.

Die verbetering in effektiwiteit in die bestuur van Agra, wat die tweede helfte van verlede jaar begin wys het, het in die jaar onder oorsig voortgeduur. Daar is heelwat nuwe rekords behaal met omsette en dit was nie net toe te skryf aan goeie pryse nie. Die insette wat op alle vlakke deur bestuur en personeel gelewer word, was 'n duidelike voorbeeld van wat bedoel word met 'n dinamiese span. By hierdie span moet die betrokkenheid en leiding deur die direksie ingesluit word.

Landbouers in Namibia, van wie die meeste lede van Agra is, het rede om trots te wees. Enige besigheid beleef hoogtepunte en laagtepunte - dit is normaal. As ons tydens die hoogtepunte net daarop konsentreer om onsself te verryk, sou ons waarskynlik ook tydens laagtepunte laaglê en wag vir beter dae. Agra is egter lede se eiendom en as sulks 'n bastion in die landbou besigheid op 'n

deurlopende grondslag. Ons deel in die voorspoed ja, maar ons is ook in tye van teëspoed nog steeds die Landbouer se keuse en bestemming.

Hoogtepunte in die jaar onder oorsig is volop. Daar is begin met die opgradering van die Windhoek tak. Daarmee saam is daar die vooruitsig dat die nuwe ankerhuurder Auas Valley kan laat ontpop as 'n baie gewilde inkoopsentrum. Die Lewendehawe span het rekord omsette behaal en ook ten opsigte van die FanMeat skema 'n groot rol gespeel met die implementeringsproses. Agra juig saam met die Karakoelprodusente vir rekordpryse wat behaal is vir die Namibiese swart diamant. Ook vleispryse het gedurende die jaar onder oorsig rekord hoogtes bereik.

Bestuur het vanjaar 'n heelwat fermer greep gehad op die beheer van voorraad. Dit is verblydend om te sien dat stelsels in plek is en dat dissipline gehandhaaf word. Die spoed waarteen die enkele ongerymdhede aan die lig gekom het, is prysenswaardig. Die direksie het risiko bestuur so belangrik ge-ag dat 'n Risikokomitee in die lewe geroep is waarop 'n bekwame direkteur ook diens doen.

Die finansiële resultate van die jaar is 'n refleksie van hoe 'n goeie jaar dit was op feitlik alle terreine in die landbou. Die besluit om kleiner takke te sluit omdat dit nie winsgewend aan die gang kon bly nie, was dus uit 'n finansiële oogpunt geregverdig. Dit behoort egter Agra se doel te bly om aan al sy lede 'n diens te lewer. Om daardie doel te bereik binne die beperkings van lae omsette en hoë oorhoofse kostes, is 'n groot uitdaging.

Die Toesighoudende Komitee wil graag dank uitspreek teenoor direksie, bestuur en alle personeel vir die mooi prestasie van die afgelope jaar. Die erkenning dat mense wat vir Agra werk uiters belangrik is en dat hulle eerste gestel moet word, is 'n goeie pad om te loop. Mense is die hart van ons besigheid. Mense is, benewens die hart van ons besigheid, ook die eienaars van ons besigheid. Wanneer lede vanjaar weer die tasbare voordeel in sy sak gaan ervaar van sy besigheid met Agra, vertrou ons dat dit ook vir hulle 'n warm gevoel van trots en verbondenheid in die hart sal gee.

Gedurende die jaar het dit egter ook duidelik geblyk dat daar 'n rooi liggie flikker in die bemarkingsopset van slagvee. Om dit raak te sien moet ons bietjie afstand kry. Dan sien ons die algemeen aanvaarde praktyk dat lede as individue ooreenkomste aangaan met die lewering van hul primêre produkte. Lede hoor wel wat die prys gaan wees maar hy moet lewer sonder dat hy 'n keuse het. Gesamentlike bedinging as prysvormingsmeganisme is een van die hoekstene van 'n landboukoöperasie. Dit het dalk tyd geword dat lede van Agra 'n gesamentlike standpunt en bedingingsmag moet bewerkstellig.

Ten slotte, ons dank aan ons Hemelse Vader vir 'n geseënde jaar.

Ontmoet u direksie vir 2007

Na afloop van die Algemene Jaarvergadering van Agra, word die direksie hersaamgestel.

Mnr Ryno van der Merwe is as voorsitter herkies, terwyl Mnr Johan Coetzee vir die vierde agtereenvolgende jaar die ondervoorsitterstoel sal inneem.

Mnr Ryno van der Merwe, voorsitter van die direksie

Twee direkteure per streek word deur die lede verkies vir die drie veskillende streke Noord, Sentraal en Suid.

Mnr Johan Coetzee, Ondervoorsitter en verteenwoordiger vir die noorde

Mnr Sigi Wilckens is herkies, wat saam met Mnr Ryno van der Merwe die sentraal streek sal verteenwoordig.

Mnr Peter Schonecke is na sy eerste drie jaar termyn herkies en is die verteenwoordiger vir die noordelike streek, saam met Mnr Johan Coetzee.

Mnr Sigi Wilckens, die herverkose direkteur vir die sentraal streek

Mnr Peter Schonecke, verteenwoordiger vir die noordelike streek

Mnr Leon van Wyk is herkies as verteenwoordiger vir die Suide, en as sekretaris vir die Raad.

Mnr Leon van Wyk, die sekretaris van die direksie en verteenwoordiger vir die suide

Sy mededirekteur vir die Suide is Mnr Jan Visagie, wat na ‘n kort rusperiode weer sy plek in die direksie ingeneem het.

Agra se Uitvoerende Komitee sal bestaan uit die voorsitter, ondervoorsitter en sekretaris, terwyl Mnre Van der Merwe, Van Wyk, Schonecke en Nieuwoudt die Ouditkomitee sal vorm. Mnr Ben Mouton is op die direksie gekoöpteer om ook deel van die Ouditkomitee te vorm.

Mnr Jan Visagie wat weer sy pos op die direksie ingeneem het.

Mnr Ben Mouton, wat as direkteur gekoöpteer is en ook op die Ouditkomitee sal dien

Behalwe vir die direksie, vereis die Koöperatiewe Wet van 1996, ‘n Toesighoudende Komitee vir die koöperasie, met een lid uit elk van die drie streke. Agra se Toesighoudende Komitee het onveranderd gebly, met Mnr Hannes Nieuwoudt as voorsitter en Mevv. Sara Shikongo (Sentraal) en Sieglinde Zensi (Noord) as bykomende lede.

Mnr Hannes Nieuwoudt, voorsitter van die Toesighoudende Komitee

Mev Sara Shikongo, lid van die toesighoudende komitee

Die doel van die Toesighoudende Komitee is om die aktiwiteite van die direksie en bestuur van die koöperasie te monitor en aan die lede verslag te doen of die pligte en funksies van die direksie en bestuur effektief en tot voordeel van die koöpersie uitgevoer word.

Mev Sieglinde Zensi, lid van die toesighoudende Komitee

Die direksie se funksie is om leiding aan die uitvoerende bestuur van Agra te gee ten opsigte van toekomsdoelwitte, ten einde die voortgesette volhoubaarheid van die koöperasie te verseker in die beste belang van sy lede.

Ons vertrou dat die verkose direksie die afgelope jaar se prestasie met sy bydrae en leiding aan die bestuur van die koöperasie sal volhou.